

DOOP

**Die betekenis van die doop,
en hoe om met jou kind
te praat oor sy/haar doop.**



Die Doop

**Wat jy en jou kinders
moet weet!**



Liewe Ouer

Die doop is saam met die Nagmaal een van die spesiale tekens (sakramente) waardeur God met ons as Sy kinders praat.

Dit is belangrik dat jy as ouer jou kind(ers) sal vertel van die spesiale dag toe God op `n heilige, en ook `n misterieuse wyse Homself aan jou kind verbind het.

Mag die Doop `n spesiale deel wees van die geloofspad wat julle gesin saam stap.

Die Doopformulier

God het reeds in die Ou Testament `n ooreenkoms met Abraham aangegaan (dit word `n "verbond" genoem). Die goeie nuus? Jou kind is deel van daardie volk van God met wie Hy `n spesiale verhouding wil hê. Die verbond is eintlik `n soort testament waarin God `n erfporsie aan sy kinders bemaak. By die doop bied God hierdie erfporsie aan jou kind(ers) aan.

Wat behels die erfporsie?

Jou kind word verseker dat God ook sy/haar God wil wees.

Dit beteken: Hy wil jou Vader wees wat vir jou sorg en jou liefhet.

Hy wil as Jesus Christus jou Verlosser en beste vriend wees.

Hy wil as Heilige Gees in jou kom woon en jou 'n nuwe mens maak.

Hierdie geskenk van God kan geen mens verdien nie, want ons sonde, waarmee ons al gebore word, veroorsaak dat ons die dood verdien. Dit is Jesus wat die straf vir my sonde op Hom neem en aan die kruis in my plek sterf. Daarom kan Hy nou die Ewige Lewe as geskenk vir my aanbied.

Dat jou kind(ers) as babatjie nog niks hiervan verstaan het nie, beklemtoon juis dat hy/sy dit nie kan verdien nie, maar net ontvang.

Een van die maniere om te verduidelik wat daar in die kerk gebeur as 'n babatjie gedoop word, is om te sê dit is soos 'n opvoering met verskillende karakters.

Dit is belangrik om te beseef wat elke karakter se rol is.

God. Hy is die hoofkarakter. Hy neem die inisiatief: Hy staan voor elke babatjie met 'n aanbod ("Ek wil jou God wees") én met 'n versoek ("Sal jy my kind wees?"), en

belowe dat Hy daardie kind se God sal wees en dat die babatjie Sy kind word.

Die kind. Hy/sy verstaan nou nog niks nie. Soos hy/sy groter word, moet dit vir hom/haar verduidelik word en hy/sy moet op die punt kom waar hy/sy dit ook aanvaar en sê: "Ja, Here, ek wil U kind wees. Dankie dat U al reeds vir my 'n Vader is." [Praktiese riglyne volg later om jou as ouer te help om met jou kind(ers) oor die doop te praat.]

Die ouer. Jy as ouer moet self 'n persoonlike verhouding met die Here hê en dit voor die kind leef. By die doop wy die ouer die kind aan die Here. Die kerk help maar net die ouer (bv. met kinderkerke) om hom/haar van die Here te leer. **Dit bly egter die ouer se verantwoordelikheid** om vir die kind te wys dat die Here leef en hom/haar liefhet.

Die gemeente. Die gemeente is by die doop getuies van jou belofte. Hulle is verder die familie waarby jou babatjie ingetrek word. Hulle is ook jou broers en susters, wat jou moet help met dié groot taak.

Die wêreld. Die kerk van Jesus Christus wêreldwyd ontvang julle kind as gedoopte familie waar julle ook al kom. Die doop verenig ons met al die gelowiges dwarsdeur die wêreld, ondanks verskille of geskille.



Daar is verkeerde redes om jou kindjie te laat doop!

- ✚ Dit is miskien deesdae minder so, maar vroeër was jy heeltemal “uit” as jy nie gedoop is nie en as jy nie jou kinders laat doop nie. Mense het dikwels in die verlede nie twee keer gedink oor wat dit beteken om gedoop te word nie – dit is maar net so gedoen! Moenie om hierdie rede doop nie.
- ✚ Mens is soms bang dat, as hulle kindjie nie gedoop is nie, hy/sy iets kan oorkom of, nog erger, nie gered sal wees nie. NB: Die doop kan jou nie red nie! Dit is wel `n teken daarvan dat God jou so liefhet dat Hy Sy Seun in jou plek laat sterf het sodat jy kan lewe.
- ✚ Onthou asseblief ook dat die doop nie `n naamgeeseremonie is nie; die kindjie het reeds `n naam. By die doop kom bevestig God aan ons dat Hy hierdie kindjie se God is, net soos wat Hy ons God is.



Doopouers se antwoord

Met die doop van julle kind, moes julle op die volgende vrae antwoord. Gebruik weer die tyd om mooi na te dink waarop julle “Ja” gesê het.

Ten eerste: Bely julle dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

Ten tweede: Bely julle dat die leer van die Ou en Nuwe Testament, wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

Ten derde: Beloof julle om hierdie kind, van wie julle die vader en moeder is, in dié leer na die beste van julle vermoë te onderrig en te laat onderrig?

Kinders word gedoop in die Naam van die Drie-enige God

Nadat julle as ouers op die drie vrae geantwoord het, word julle babatjie gedoop. Dit is belangrik om te weet dat elke kind wat gedoop word, in die Naam van die Drie-enige God gedoop word. Daardeur word bevestig dat dit die God van die Bybel is wat uit genade Hom aan julle kindjie verbind.

Die gebruikelike formule klink as volg: “NN (volle name en van), ek doop jou in die Naam van God die Vader, en die Seun en die Heilige Gees. Amen!

Ek praat met my kind oor die doop

By die Gemeente met Oop Deure, het ons `n bediening met die naam: "Huisse-op-die-Rots". Hierdie bediening help ouers om toegerus te wees vir die geloofspad wat jy met jou kind(ers) moet stap.

Dit begin by die doopgesprek, waar jy as ouer geleer word om saam met jou kind(ers) elke geleentheid raak te sien hoe God by Sy kinders is – in die maklike én die moeilike tye. Die "herinneringskissie" wat tydens die doopgesprek aangekoop word, word gevul met spesiale herinneringe aan God se pad wat Hy met jou kind(ers) stap.

(Doen gerus navrae by Louise Liebenberg, bedieningsleier van Huisse-op-die-Rots, in dié verband. 082 9265 180; huise@heidekoppie.com)

Van die eerste items wat in die herinneringskissie gebêre word, is jou kind se doopseël. Plaas ook `n paar doopfotos daarin, en miskien selfs `n briefie van oupa/ouma.

Later, as jou kind groter is, en in die kissie kyk, gee dit jou die geleentheid om met hom/haar oor die doop te gesels. Steek ook elke jaar op jou kind se doopdatum die kers (in die herinneringskissie) aan en vier sodoende jou kind se doopdag saam met hom/haar.

Gebruik ook die inhoud van hierdie dokument om met jou kind(ers) oor die doop, en spesifiek hulle eie doop, te praat.

`n Praktiese wenk met `n enorme effek: Neem `n foto van jou kindjie by die doop. Vergroot die foto en laat dit raam. Skryf onderaan die foto: **Ek is gedoop!** Voeg ook die datum by. Hang dit bokant jou kind se bed as `n teken van God se groot liefde en genade vir jou kind. Herinner hom/haar gereeld aan daardie spesiale dag.

Die Gemeente met Oop Deure

H/v Protea- en Stasieweg, Proteahoogte 021 981 2690
admin@heidekoppie.com / www.heidekoppie.com



Heidekoppie